# GUITAR4KIDS.COM





*Saamgestel deur:*
*Ebeth Marais*
*Webblad: www.guitar4kids.com*





*Oulike websites waar jy liedjies gratis kan aflaai:*
[http://singalongwith.us/](http://singalongwith.us/)
[http://www.chordie.com/](http://www.chordie.com/)
[http://www.ultimate-guitar.com/](http://www.ultimate-guitar.com/)

Alle regte van hierdie kursus, wat gereproduseer word, word voorbehou.
Kopiëring, direk of indirek, van hierdie kursus word verbied.

BAIE DANKIE DAT EK KAN STAAT MAAK OP U EERLIKHEID.

Moet asseblief nie hierdie kursus kopieër nie. Hier is baie ure en weke se werk in om aan u 'n goeie produk te bied.

# BEGINNERS KITAAR KURSUS

Baie dankie vir jou belangstelling in Guitar4kids se beginners kitaar kursus.

Mag jou droom om kitaar te leer speel, waar word.



## VOORWOORD

Baie welkom vandag by jou eerste kitaar les. Ek hoop dat jy dit baie sal geniet en baie sal leer. Ontspan, wees rustig – binnekort gaan jy sommer baie lekker kitaar kan speel.

Hierdie kursus is oorsponklik geskryf as 'n 6 weke beginners kursus. Dus wil ek aanbeveel dat jy elke les week vir week hanteer. Dit is baie, baie belangrik om elke les se drukke en liedjies baie goed te oefen vir ten minste 'n week lank, voordat jy aanbeweeg na 'n volgende les. Indien jy te vinnig aanskuif en nie goeie vaslegging van elke les doen nie, gaan jy iewers in die loop van die kursus óf belangstelling verloor omdat dit te ingewikkeld gaan raak, óf jy gaan baie sukkel met die aanleer van nuwe drukke en liedjies omdat die vaslegging nie goed gedoen is nie.

Indien 'n mens egter enige iets in die lewe wil bereik, moet jy hard werk daarvoor. Niks kom sommer net vanself nie.

Gedurende hierdie kursus, sal ek al die nodige kennis en inligting met jou deel. Maar indien jy nie elke dag oefen nie, gaan jy eerstens baie stadig vorder en tweedens gaan jy moedeloos word.

Wanneer mens die begeerte het en met deursettingsvermoë iets aanpak, kan jy jou ideale bereik en 'n sukses daarvan maak. Alles hang af van jou gesindheid!

Die heel belangrikste is dat kitaar speel nie vir jou 'n staf moet wees nie, maar iets wat jy geniet. Die eerste paar lesse gaan dit vir jou voel jy kry niks reg nie, maar hou net aan!! Voor jy jou oë uitvee, kan jy jou eerste liedjies speel.

Sterkte vir jou en mag Jesus jou help om jou droom om kitaar te kan speel, te verwesenlik!


**Ebeth Marais**

*Selfoon Nommer:* *084 408 9206*
*E-Pos adres:* *ebeth.marais@gmail.com*
*Webblad :* *http://www.guitar4kids.com*

# DIE VOLGENDE IS BELANGRIK VOOR JY BEGIN

## WAARUIT BESTAAN 'N KITAAR

Eerstens, voor jy kan begin kitaar speel, moet jy weet waaruit 'n kitaar bestaan. Kom ons kyk na die voorbeeld hieronder:




## BELANGRIK OM TE ONTHOU

- Onderste snaar is snaar 1 en jy tel op na bo
- Die dikste snaar is nr. 6
- Sporte (of frets in Engels) – sport 1 net na stempenne
- Jou vinger nommers

## OM 'N KITAAR IN TE STEM

Tweedens is dit baie belangrik om te weet hoe jy jou kitaar stem. Daar is niks so swaar op die oor soos 'n instrument wat vals speel nie. Daar is baie verskillende maniere om 'n kitaar in te stel. Hieronder word 'n paar genoem:







- **Elektroniese stemeeheid**
  'n Elektroniese stemeenheid is te koop by musiek winkels. Hierdie toestel is baie akkuraat en sensitief. Prys begin so vanaf R150.





- **Op Gehoor**
  Dan is daar die opsie om jou kitaar op gehoor in te stem. Indien jy geen van die bogenoemde apparate tot jou beskikking het nie, en jy wil graag jou kitaar instel, is dit baie belangrik om hierdie tegniek aan te leer:

  Die $6^{de}$ snaar is die dikste van al jou snare. Dus is hierdie snaar die een wat nie sommer uitstel nie. Veronderstel dus dat jou $6^{de}$ snaar reg of baie naby aan reg is. Druk nou die $6^{de}$ snaar in die $5^{de}$ sport vas.



Terwyl jy die snaar styf druk, stram nou die $6^{de}$ en $5^{de}$ snaar. Die $5^{de}$ snaar se klank moet dieselfde wees as die $6^{de}$, dan is die $5^{de}$ korrek ingestem. Indien die klank nie dieselfde klink nie, draai dan die $5^{de}$ snaar stywer / slapper na gelang van of die snaar se klank te laag / te hoog is. Sodra korrek, skuif nou jou vinger na die $5^{de}$ snaar, $5^{de}$ sport.



Speel nou die $5^{de}$ en $4^{de}$ snaar. Doen dieselfde soos bo. Sodra $4^{de}$ korrek is, skuif jou vinger na die $4^{de}$ snaar, $5^{de}$ sport, en speel dan weer die $4^{de}$ en $3^{de}$ snare.



Sodra $3^{de}$ korrek is, skuif nou jou vinger na $3^{de}$ snaar, maar **LET WEL**, $4^{de}$ sport.




Speel nou $3^{de}$ en $2^{de}$. Doen dieselfde soos bo. Sodra $2^{de}$ snaar korrek is, skuif nou jou vinger na $2^{de}$ snaar, maar **LET WEL**, terug na $5^{de}$ sport.



Speel die $2^{de}$ en $1^{ste}$ snaar en stem in soos nodig.


En siedaar!! Jou kitaar is ingestel. Onthou egter dat dit baie oefening verg om jou kitaar so in te stel, aangesien jou gehoor ook geoefen moet word om fyn, suiwer en reg te luister. Die eerste paar keer gaan jou kitaar dalk valser uitkom, maar hou net aan. Dis ook baie belangrik om in 'n stil vertrek te sit, wanneer jy jou kitaar op gehoor instem. **STERKTE!!**








- **Met 'n klavier**
  Indien jy 'n klavier besit of toegang tot een het, kan jy jou kitaar op die klavier instem. Onthou egter; wanneer jy hierdie metode gebruik druk jy slegs die betroke noot op die klavier en stram die snaar verbonde aan daardie noot. Geen snare word gedruk wanneer jy hierdie metode gebruik nie. Hieronder is 'n illustrasie wat die metode uitbeeld.







## PLEKTRUMS

Plektrums is baie handige items wanneer jy kitaar speel. Dit verbeter die klank gehalte en volume wat uit jou kitaar kom. Vir die begin beveel ek egter aan om net eers met jou duim te stram en later van 'n plektrum gebruik te maak. Die rede hiervoor is sodat jy eers ten volle kan konsentreer op die aanleer van die drukke en nie die stram van die snare nie. Later in die kursus sal daar spesifiek op die ritmes en stram gekonsentreer word.

## VINGERAANWYSINGS




Dit is baie belangrik om te weet watter nommer elke vinger het. Wanneer die drukke aangeleer word, word daar op die illustrasies van nommers gebruik gemaak. Hierdie nommers is die spesifieke vinger wat op daardie betrokke snaar en sport gedruk moet word.

Die duim hou agter die nek van die kitaar vas en is om hierdie rede nie genommer nie.

## MUSIEK SLEUTELS


Alle musiek wat geskryf, gespeel en gesing word, is altyd in 'n sleutel. Daar is baie verskillende musiek sleutels, maar ons begin met die maklikste op die kitaar naamlik D-sleutel. Wanneer jy in 'n betrokke sleutel speel, sing ens. is daar sekere akkoorde wat pas by daardie sleutel. Dit gaan jy nog alles leer soos ons vorder.

## DIE VERSKILLENDE DRUKKE SE ILLUSTRASIES

Hieronder is 'n voorbeeld van hoe 'n illustrasie lyk wanneer ons die verskillende drukke gaan begin aanleer. Dit is van uiterste belang om baie mooi op te let watter vinger, op watter snaar en in watter sport geplaas moet word. As dit nie presies soos in die illustrasies en foto's gedoen word nie, gaan die drukke verkeerd reg aangeleer word nie.

**VOORBEELD VAN ILLUSTRASIES**

**D majeur**




## Nou kan jy aanbeweeg na Les 1 – STERKTE!!!

# KITAAR LES 1

Voordat jy met les 1 begin, wil ek jou versoek om asseblief deeglik deur ***“BELANGRIK VOOR JY BEGIN”*** werk. Hier leer jy al die basiese aspekte van kitaar speel, byvoorbeeld:

1. Die verskillende maniere om ’n kitaar in te stel
2. Vingeraanwysings
3. Verduideliking van hoe die snare, sporte en illustrasies van die drukke werk.

## D-SLEUTEL

In les 1 behandel ons D-sleutel, aangesien dit een van die maklikste sleutels op ’n kitaar is. Die 3 basiese drukke wat in D-sleutel gebruik word is:

D majeur + A majeur + G majeur

Voortaan wanneer daar slegs D – A – G ens. Staan, is dit altyd die majeur klank, maar dit word nie bygeskryf nie. Ons gaan ook $A^7$ saam met D, G, en A leer.

*Wanneer ’n druk tussen (hakkies) geplaas word, beteken dit jy **kan** die druk speel, maar dis nie ’n **moet** nie. Wanneer jy egter hierdie drukke tussen ( ) inspeel, rond dit jou liedjie af en klink dit mooier.*

## BAIE BELANGRIK





Die illustrasies van bogenoemde drukke volg hierna. Maak asseblief baie seker dat jy die regte vinger, op die regte snaar en in die regte sport plaas. Dit is baie belangrik, want sodra jy ’n druk eers verkeerd aangeleer het, is dit baie moeilik om dit dan te verander. Dus is die eerste vaslegging baie belangrik.

## JOU EERSTE LIEDJIES

Wanneer jy begin om jou eerste liedjie te oefen, onthou om met jou ander hand net eers **af** te stram. Konsentreer eers op die aanleer van die drukke. Later in die kursus sal ons aandag gee aan verskillende ritmes en jou slag. Indien jy die betrokke liedjie ken, sing saam terwyl jy speel, al hak jy hoe baie vas; dit maak nie saak nie – **HOU NET AAN!!!**

## VINGER OEFENINGE – DOEN DIT SO GEREELD AS MOONTLIK!

Sien bladsy 42. Dit is ’n opsomming van al die drukke wat jy leer in die kursus. Elke week moet jy vinger oefeninge doen van die drukke wat jy geleer het – van les 1 tot waar jy die betrokke week is. Doen as volg:
Spring tussen die drukke rond, sommer deurmekaar. Stram elke druk net een keer, dan spring jy weer bv. D – A – C ens. Wanneer jy dus nie baie tyd het om te oefen nie, doen ’n paar maal hierdie oefening van al die drukke wat jy al geleer het. Gou-gou sal jy toe oë jou vingers kan wissel!!!!

| | | |
|---|---|---|
|  1<br>2<br>3 | **D**<br>**MAJEUR** |  |
|  1<br>2<br>3 | **A**<br>**MAJEUR** |  |
|  1<br>2 of 3 | **$A^7$**<br>**(Los net jou middelste vinger of speel met 1 en 2)** |  |
|  1<br>2<br>3 | **G**<br>**MAJEUR** |  |

**AMAZING GRACE**

D ($D^7$)* G D
Amazing grace, how sweet the sound
A - ($A^7$)
That saved a wretch like me
D ($D^7$)
I once was lost
G D
But now I'm found
A ($A^7$) D (G – D)
Was blind but now I see.

*** Jy leer $D^7$ in les 2 – so oefen die liedjies weer as jy les 2 geleer het**



**BECAUSE HE LIVES**

D ($D^7$) G
Because He lives, I can face tomorrow
D A($A^7$)
Because He lives, all fear is gone.
D ($D^7$)
Because I know, yes I know
G
He holds the future
D
My life is worth the living
A ($A^7$) D (G – D)
Just because He lives.



**D SLEUTEL LIEDJIES MOOI EINDIG = G + D**
**Onthou jou vinger oefeninge!!**

## 'n PAAR EKSTRA LIEDJIES OM TE OEFEN….(ekstra liedjies is nie op CD)

### HAPPY BIRTHDAY




D                    A
Happy birthday to you
                     D
Happy birthday to you
                      G
Happy birthday dear …….
        D       A    D
Happy birthday to you

### EK WANDEL IN DIE LIG VAN GOD

D                                        D
Ek wandel in die lig van God             [ I'm walking in the light of God
     A                 D                        A                   D
Ek wandel in die lig van God             [ I'm walking in the light of God
       G               D                        G                     D
Ek wandel in die lig, ek wandel in die lig [ I'm walking in the light, I'm walking in the light
       A                 D                      A                   D
Ek wandel in die lig van God.            [ I'm walking in the light of God.

### HE'S GOT THE WHOLE WORLD

D
He's got the whole world in His hands
               A
He's got the whole world in His hands
               D
He's got the whole world in His hands
               A                  D
He's got the whole world in His hands.




He's got the wind and rain in His hands.
                A
He's got the wind and rain in His hands.
                D
He's got the wind and rain in His hands.
                A                 D
He's got the whole world in His hands.